

Salomo se sukses (I Kon 1-8, II Kron 1-9)	Salomo se tragiese einde (I Kon 9-11)	Hooglied
971-931 vC in Kanaän		
Salomo se gesiedenis		Salomo se liefdeslied

Ons lees uit I Konings, II Kronieke en Hooglied

Dag	Dag se brood	Meer heuning
Ma	I Kon 3	I Kon 3-4, II Kron 1
Di	II Kron 3:1-14	I Kon 5, II Kron 2; 3:1-14
Wo	I Kon 8	I Kon 8, II Kron 5-6
Do	I Kon 9	I Kon 9, II Kron 7
Vry	I Kon 11	I Kon 10-11, II Kron 9
Sat	Hooglied 1	Hooglied 1-4
Son	Hooglied 8	Hooglied 5-8

Salomo het internasionale respek vir sy groot rykdom verky. Mense het van oral gekom om sy wysheid, spreuke en liedere te luister. Hy het die tempel op die berg Moria laat oprig. Die inwyding van die tempel was die belangrikste gebeurtenis sedert Israel die berg Sinai verlaat het. Die inwyding het plaasgevind tydens die huttefees wat hulle aan die swerftog in Egipte herinner het. Die tempel is met die heerlikheid van God gevul as bewys van sy seën en teenwoordigheid.

Na al die seën wat Salomo van God ontvang, is sy einde tragies en teleurstellend. Hy oortree die eerste gebod deur afgodediens in Jerusalem toe te laat. Vir politieke voordeel het hy getrou met vroue van die Egiptenare, Moabiete, Ammoniete, Edomiete, Sidoniete en Hetiete. Van hierdie afgode is eers 350 jaar later deur koning Josia verwyder. As gevolg van sy ongehoorsaamheid sou (volgens die woorde van profeet Ahia) Salomo se koninkryk verdeel word.

Hooglied is een van die uitnemendste van Salomo se gedigte. Daar is twee hoofkarakters in die boek, naamlik Salomo en sy Sulamitiese geliefde. Die boek kan soos volg ingedeel word: Hofmakery ( 1:1-3:5) Huwelikserimonie (3:6-5:1) Huwelikslewe (5:2-6:3) Ewigdurende liefde (6:4-8:4)

Die boek sien ook op Christus se verhouding met die kerk. Hy is die Bruidegom wat die Hemelse Woning verlaat het om in hierdie donker wêreld vir Homself 'n bruid (die gelowiges) te kom soek.

*Die Here het sy oë oral op die aarde sodat Hy dié kan help wat met hulle hele hart op Hom vertrou (II Kron 16:9).*

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

## Die mooiste lied

### Die eerste ontmoeting (1:1 -2:7).

Soen my, soen my weer en weer  
dis wat ek meer as wyn begeer...  
‘n Lelie tussen dorings, sy,  
so is my liefling vir my.  
‘n Appelboom tussen ander, hy,  
die man wat ek liefhet vir my.  
Sy linkerarm onder my  
met regterarm omhels hy.

REFREIN:

Ek smeeek julle vroue  
luister voor julle troue:  
Moenie die liefde wakker maak  
voor die tyd ryp daarvoor raak!

### Voorbereiding vir die huwelik (2:8-3:5).

Die man wat ek liefhet:  
Staan op my liefling sê hy.  
“Kom” roep hy na my.

Die reëntyd is verby.  
Die bloeisels lok die by.  
Dit het tyd geword om te sing.  
Die tortelduif het klanke gebring.  
Die bome is vol vye.  
Die druiwe staan in rye.  
REFREIN...

### Huwelisklokke (3:6 – 5:1).

Die drastoel is van Libanohout,  
die pote silwer, die leuning goud.  
Op sy kop die troon bo al sy deugde,  
Op die dag van sy huweliksvreugde.

Kom saam met my van die berg  
waar lans en luiperd terg.  
Een kyk het ons gedeel  
en sy het my hart gesteel.

Jou liefkosings en samesyn  
is beter as ‘n beker wyn.  
Lekkerder jou parfuum se ruik  
as al die kruie in die kruik.

My bruid is ‘n tuin,  
‘n afgekampte fontein.  
Jou liggaam ‘n lushof dig,  
granaatbome met keurig vrug.

Kom wind, waai my tuin deur.  
Versprei, suidewind, die geur.  
Die man wat ek liefhet arriveer,  
hy kom die vrugte keur.

Ek is in die tuin van my bruid.  
Ek pluk van die mirre en kruid.  
Ek eet vars heuning uit die kelk.  
Ek drink my wyn en my melk...  
REFREIN...

### Ware liefde vrees verwydering (5:2 – 6:3).

Ek soek hom, maar hy kom nie.  
Ek roep hom, maar hoor hom nie.  
Die wagte wat die stad patrolleer  
slaan my, hulle maak my seer.

Vroue, as julle hom sien, moet jul keer:  
Sê hom die liefde gaan my verteer.  
REFREIN...

### Die bruidspaar is tot die ore verlief (6:4 – 8:4).

My liefste bekoorlik so mooi,  
met soveel te geniet – ‘n droom.  
Slanke gestalte soos palmboom.  
Borste soos druiwetrosse getooi.

Ek gaan op die palmboom kruip  
en sy trosse blomme gryp.  
Laat jou borste wees – druiwetros,  
die reuk van jou neus – appelblos.  
Jou mond se goeie wyn gly in  
die lippe van hom wat jou bemin.

REFREIN:

Ek smeeek julle vroue  
luister voor julle troue:  
Moenie die liefde wakker maak  
voor die tyd ryp daarvoor raak!